HOME - *Ons wil graag hê ons huise moet 'n veilige plek wees plek wees waar ons gesond kan word, vergewe word...*




*(***Iets gebeur dwarsdeur Jesus se bediening as Hy in mense se huise kom***. Die volgende 4 weke gaan ons preek-tema HOME wees en gaan ons na 4 eienskappe van 'n geestelike tuiste kyk – in aansluiting by ons jaartema: SA Gemeente, 'n geetselike tuiste vir wêreldreisigers)*

**<u>Ysbreker</u>**

**Gesels as groep eers saam oor die volgende vrae:**

- **Waar is jou huis?** (motiveer jou antwoord)

- **Watter soort huis wil jy hê?** Hoe moet jou huis wees.... (maak 'n lysie van al hierdie eienskappe...)

**<u>Skriflesing: Lukas 8:40-56</u>**

Lees die gedeelte saam en gee aan elke groepslid kans om te sê wat in die gedeelte het hulle getref.

- **Wat leer julle in hierdie gedeelte oor Jaïrus**? Noem soveel eienskappe as wat julle kan raaklees.

    - Wat dink julle was **sy groot worsteling** (of in ander woorde: die grootste krisis in sy huis?) – sy dogter se siekte of sy eie ongeloof – **v 41-42 of v 50**? Motiveer julle antwoorde.

      (vir leier: *daar is nie een regte antw nie, beide sluit mekaar in, want ons lewe nie in vakuums nie, maar krisisse ontbloot ons diepste geloofsoortuigings... of ons werklik die Here vetrou?)*

- **Wat leer julle in hierdie gedeelte oor die siek vrou?** Noem weer soveel as moontlik eienskappe wat julle kan raaklees in die gedeelte.

    - Wat dink julle was die **grootste krisis in haar lewe** – haar siekte (**v 43**) of haar skaamte om in die kollig te kom (**v 47**)? Motiveer julle antwoorde.

      (vir leier: haar siekte het haar uit die samelewing gedwing, maak haar onrein,

sy mag bv nie in tempel kom nie en kon dus nie offer of bid nie,
breek haar selfbeeld af en dit veroorsaak dat sy nie wêreld in die oë kon kyk nie)

- **Wat doen Jesus vir Jaïrus?** *(In ander woorde: Watter verskil maak Jesus in sy huis?)*

- **Wat doen Jesus vir die siek vrou?** *(In ander woorde: Watter verskil maak Jesus in haar huis?)*

**Baie persoonlik:**
Ons elkeen se huise beleef krisisse, op verskillende vlakke. Hierdie sake het die potensiaal om te maak dat ons huise nie veilige plekke is nie. En dit is hiervoor waarvoor Jesus kom en ook in elkeen van ons se huise wil inkom. Maar ons moet Hom innooi en deel maak van ons huise.

**Hoe gaan ons dit doen?**

- Wat leer ons by Jaïrus en die siek vrou hieroor? **Wat moes hulle doen?** (Kyk na **verse 41, 44, 47, 50**)

Gee aan elke groepslid kans om te gaan neer te skryf watter krisis is daar in sy/haar huise. Verseker hulle dat dit 'n privaat en persoonlike oefening is en dat niemand hoef te deel nie.

**Daag dan elkeen uit om met hierdie sake ook**

- Na Jesus toe te gaan... **v 41, 44**
- Op hulle knieë voor Hom te gaan staan (afhanklik te raak)... **v 41**
- Met Hom daaroor te praat... **v 47**
- Aan te hou om te glo... **v 50**

**Gebed:** Indien groeplede wil, kan hulle vrywillig deel watter sake daar is waarvoor vir hulle huise gebid kan word.